 All units consumed during the month:  $\frac{3}{5}$ d. per unit.

B. This scale may be selected by small consumers with a monthly consumption of less than 15 units per month per room but will be supplied only on the written request of the consumer and for a minimum period of 12 months.

Service charge per metering point: 2s. 6d. per month.

For each room for 20 units or less per month: 4d. per unit.

For all further units consumed during the month:  $\frac{3}{5}$ d. per unit.

For the purpose of calculating the charges payable under Part A or B, of Scale I the following rules apply:—

1. For premises specified above under the numbers 1 to 4 inclusive:—

- (a) Subject to the provisions of paragraphs (b) and (c) of this rule each room or compartment, if wired for electricity, shall be counted as one room, whether occupied or not;
- (b) if a room or compartment has a floor area exceeding 300 square feet, each 300 square feet of floor area or part thereof shall count as a room; and
- (c) kitchens, pantries, bathrooms, passages, lavatories, cloakrooms, entrance halls and landings shall not be counted as rooms: Provided that this exemption shall in the case of an entrance hall or a landing apply only where its floor area does not exceed 70 square feet and its least dimension is not more than 7 feet.

2. For premises specified above under the numbers 5 to 10 inclusive:—

- (a) Each bedroom shall be counted as one room;
- (b) the floor areas of all other rooms or compartments including cellars, stables, garages, Natives' rooms and outhouses, if wired for electricity, whether occupied or not, shall be calculated, and each 200 square feet or part thereof of the combined floor area shall be counted as one room; and

(4) Geen verbruiker mag van die Raad se elektrisiteit ingevolge subartikel (3) herverkoop nie, tensy die elektrisiteit wat aldus herverkoop word, deur 'n geskikte submeter aan sodanige onderverbruiker gelewer word."

3. Deur die „Tarief vir die Lewering van Elektrisiteit”, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 493 van 20 Junie 1956, te skrap en deur die volgende aan die Bylae van Vorms toe te voeg:—

„TARIEF.

Die tarief vir die lewering van elektrisiteit deur die Raad is as volg:—

Skaal 1.

Dié skale geld vir die volgende soorte woonpersele:—

1. Private huise.
2. Woonstelle of woonstelgeboue („flats”).
3. Tehuise wat onder beheer van liefdadigheidsinrigtings staan.
4. Verpleeginrigtings en hospitale.
5. Gelisensieerde hotelle.
6. Private hotelle.
7. Losieshuise.
8. Woonklubs.
9. Koshuise.
10. Kerke.

A. Dié skaal geld vir alle huishoudelike verbruikers:—  
 Leweringsgeld per meteraansluitpunt: 2s. 6d. per maand.  
 'n Vaste beskikbaarheidstarief per kamer of daar nou al elektrisiteit verbruik word of nie: 4s. per maand.  
 Alle eenhede wat gedurende die maand verbruik word:  $\frac{3}{5}$ d. per eenheid.

B. Dié skaal is bedoel vir kleinverbruikers wat minder as 15 eenhede per kamer per maand verbruik, maar die verbruiker moet eers skriftelik aansoek daarom doen, en elektrisiteit word nie vir 'n korter tydperk as 12 maande teen dié tarief gelewer nie.

Leweringsgeld per meteraansluitpunt: 2s. 6d. per maand.

Vir die eerste 20 eenhede of minder per maand per kamer: 4d. per eenheid.

Vir alle bykomende eenhede wat gedurende die maand verbruik word:  $\frac{3}{5}$ d. per eenheid.

Onderstaande reëls geld by die berekening van die bedrag wat ooreenkomstig Deel A van Skaal I betaal moet word:—

1. In die geval van persele wat onder 1 tot en met 4 hierbo ressorteer:—

- (a) Iedere kamer of „kompartement” wat bedraad is, of dit nou al geokkupeer word of nie, word onderworpe aan die bepalinge van paragrawe (b) en (c) van hierdie reël as een kamer gereken;
- (b) indien die vloeroppervlakte van 'n kamer of „kompartement” 300 vierkante voet oorskry, word iedere 300 vierkante voet, of 'n gedeelte daarvan, as een kamer gereken; en
- (c) 'n kombuis, 'n spens, 'n badkamer, 'n gang, 'n gemakhuisie, 'n kleedkamer, 'n voorportaal en 'n trapportaal word nie as 'n kamer gereken nie: Met dien verstande dat dié vrystelling slegs geld indien die vloeroppervlakte van so 'n voor- of trapportaal hoogstens 70 vierkante voet beslaan, en die kleinste afmeting daarvan hoogstens 7 voet is.

2. In die geval van persele wat onder 5 tot en met 10 hierbo ressorteer:—

- (a) word iedere slaapkamer as een kamer gereken;
- (b) word die vloeroppervlakte van al die ander kamers of „kompartemente”, insluitende kelders, stalle, motorhuise, bediendekamers en buitegeboue, wat bedraad is, of hulle nou al geokkupeer word of nie, bymekaar gereken en iedere 200 vierkante voet van hierdie vloeroppervlakte, of 'n gedeelte daarvan, as een kamer gereken; en

(c) bathrooms, lavatories and passages shall not be counted as rooms.

3. For premises specified under the numbers 2 or 5 to 10 inclusive above, the total area of floor used for garages which are wired for electricity shall be calculated, and each 300 square feet of that area or part thereof shall be counted as one room.

4. Where premises are used for both residential and business purposes the number of rooms constituting the residential part of the premises shall be determined by applying the methods prescribed in rules 1 and 3 and the floor area of that part of the premises used for business purposes shall be calculated and each 70 square feet of that area or part thereof shall be counted as one room.

#### Scale 2.

This scale is applicable to business, industrial and general premises and also to the supply of electricity in bulk to the townships outside the municipality which are not reticulated by the Council.

A. The block tariff prescribed in this scale is limited to consumers demanding less than 40 kilowatts and includes—

- (a) a service charge per metering point of 10s. per month; and
- (b) a charge for all units consumed during the month at 2d. per unit.

Consumers to whom Part A of Scale 2 is applied may, upon written application, be supplied with a special meter at the point of entry to the premises to record electricity used for cooking, water heating and refrigeration, and electricity so recorded shall be charged for as follows:—

For all units consumed at ½d. per unit; and a service charge at 5s. per month.

B. NOTE.—The demand tariff prescribed by this Part is normally suited to consumers having irregular monthly consumption.

The minimum period for which metering for the demand tariff provided by this scale will be installed is 18 months and the said demand tariff is as follows:—

- (a) A service charge of £1 per month per metering point;
- (b) a charge of 8s. 4d. per kW. of demand with a minimum charge for such demand of £7. 10s. per month whether supply is taken or not; Provided that the total amount payable in respect of maximum demand in any month shall not be less than 30 per cent of the amount payable in respect of the highest demand recorded during the previous May, June and July; and
- (c) a charge for each unit consumed during the month of ¾d. per unit.

C. NOTE.—The demand tariff prescribed by this scale is normally suited to larger consumers having fairly regular monthly consumption.

The minimum period for which metering for the demand tariff prescribed by this scale will be installed is 18 months, and the said tariff is as follows:—

- (a) A service charge of £1 per month per metering point;
- (b) a charge of 12s. 6d. per kW. of demand with a minimum charge for such demand of £25 per month whether supply is taken or not; Provided that the total amount payable in respect of maximum demand in any month shall not be less than 60 per cent of the amount payable in respect of the highest demand recorded during any one month of the previous May, June and July; and
- (c) a charge for each unit consumed during the month of 0.45d. per unit.

(c) word 'n badkamer, 'n gemakhuisie en 'n gang nie as 'n kamer gereken nie.

3. In die geval van persele wat onder 2, of 5 tot en met 10 hierbo ressorteer, word die totale vloeroppervlakte wat gebruik word vir motorhuise wat bedraad is, bereken, en iedere 300 vierkante voet van dié oppervlakte, of 'n gedeelte daarvan, as een kamer gereken.

4. Indien die perseel vir sowel woon- as besigheidsdoeleindes gebruik word, word die getal kamers van die woongedeelte volgens reëls 1 en 3 hierbo bepaal, terwyl die totale vloeroppervlakte van die besigheidsgedeelte bereken moet word, en iedere 70 vierkante voet van dié oppervlakte, of 'n gedeelte daarvan, as een kamer gereken word.

#### Skaal 2.

Dié skaal geld vir besigheids-, nywerheids- en algemene persele, asook vir elektrisiteit wat by die grootmaat aan dorpe buitekant die munisipaliteit, waar dié Raad nie dié elektrisiteitsnette aanbring nie, gelewer word.

A. Onderstaande bloktarief is beperk tot verbruikers wie se aanvraag minder as 40 Kw. is en omvat—

- (a) leweringsgeld per meteraansluitpunt: 10s. per maand; en
- (b) vir alle eenhede wat gedurende die maand verbruik word: 2d. per eenheid.

Verbruikers vir wie Deel A van Skaal 2 geld, kan skriftelik aansoek doen om 'n spesiale meter by die ingangspunt, waarmee die elektrisiteit wat vir kook-, waterverwarmings- en verkoelingsdoeleindes verbruik word, afgemete kan word; in dié geval is dié tarief as volg:—

Vir alle eenhede wat verbruik word: ¾d. per eenheid; en 'n leweringsgeld: 5s. per maand.

B. LET WEL.—Die aanvraagtarief wat hier voorgeskryf word, is eintlik bedoel vir verbruikers wie se maandverbruik onbestendig is.

Meters vir lewering teen die aanvraagtarief volgens hierdie skaal word slegs vir 'n tydperk van minstens 18 maande aangebring, en dié aanvraagtarief is as volg:—

- (a) 'n Leweringsgeld per meteraansluitpunt: £1 per maand;
- (b) 'n bedrag van 8s. 4d. per Kw. van die aanvraag, met 'n minimum bedrag van £7. 10s. per maand, of daar nou al elektrisiteit verbruik word of nie: Met dien verstande dat die totale bedrag wat in enige maand ten opsigte van die maksimum aanvraag gevorder word, minstens 30 persent moet beloop van die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van die hoogste aanvraag wat gedurende die vorige maande Mei, Junie en Julie aangeteken is; en
- (c) vir iedere eenheid wat gedurende die maand verbruik word: ¾d. per eenheid.

C. LET WEL.—Die aanvraagtarief wat hier voorgeskryf word, is eintlik bedoel vir grootverbruikers wie se maandverbruik taamlik bestendig is.

Meters vir lewering teen die aanvraagtarief volgens hierdie skaal word slegs vir 'n tydperk van minstens 18 maande aangebring, en dié aanvraagtarief is as volg:—

- (a) 'n Leweringsgeld per meteraansluitpunt: £1 per maand;
- (b) 'n bedrag van 12s. 6d. per Kw. van die aanvraag, met 'n minimum bedrag van £25 per maand, of daar nou al elektrisiteit verbruik word of nie: Met dien verstande dat die totale bedrag wat in enige maand ten opsigte van die maksimum aanvraag gevorder word, minstens 60 persent moet beloop van die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van die hoogste maandaanvraag wat gedurende die vorige maande Mei, Junie en Julie aangeteken is; en
- (c) vir iedere eenheid wat gedurende die maand verbruik word: 0.45d. per eenheid.

*Rules Applicable to Scales 2 (B) and 2 (C).*

For the purpose of calculating the charges payable under Part A or B of Scale 2 the following rules apply:—

1. Where a consumer's electrical installation is tested by the Council and found to have a kW.-demand below 90 per cent of the kVA.-demand the Council shall be entitled to give him written notice to improve his power factor to the limits specified above within six months. Failing which kVA.-demand meters will be substituted for kW.-demand meters, and charges will be made at the rates specified above per kVA. instead of per kW.

2. (a) Consumers with a high ratio of unit consumption to a maximum day kW.-demand shall be granted a rebate on their demand charge.

(b) The rebate referred to in rule 2 (a) shall range from 10 per cent for a calculated utilisation factor exceeding 40 per cent to a maximum of 100 per cent for a calculated utilisation factor exceeding 85 per cent and shall be determined according to the following formula:—

Rebate on demand charge =  $2(U-40)$  per cent, where U is the monthly utilisation factor expressed to the nearest multiple of 5 per cent above the calculated utilisation factor which is the ratio:

$$\frac{\text{No. units consumed per meter reading month [Scales 2 (B) or 2 (C) plus 3]} \times 100 \text{ per cent.}}{\text{Max. kW. or kVA.-demand} \times \text{No. of hours per meter reading month.}}$$

3. The aforesaid rebate shall only be granted to a consumer whose aggregate monthly account, for a monthly consumption, exceeds an amount which shall be specified by the Council, and it shall be reviewed at intervals of not less than a year.

*Scale 3.*

This scale is applicable to off-peak supplies, that is to say, to electricity supplied between the hours of 7 p.m. and 7 a.m.:—

- (a) Service charge per special two-rate metering point: £1 per month.
- (b) Each unit consumed: 0.35d. per unit.

*Rules Applicable to Scale 3.*

The following rules shall apply to the supply of electricity in accordance with Scale 3:—

1. A consumer's demand meter shall be disconnected during any period during which a supply of electricity is being charged for in accordance with this scale.

2. Written application to be charge in accordance with this scale must be made by the consumer to the Council.

3. The minimum period for which meters for charging in accordance with this scale shall be installed is 18 months.

4. Electricity will only be charged for in accordance with this scale to the extent that spare energy is available from existing mains and the consumer shall be obliged to accept such limitations as the Council may deem it necessary to impose on the amount of his demand or on the nature of his loading.

5. The Council shall be under no liability of any kind for the consequences to a consumer of any limitation or restriction which it may impose in exercise of its power under rule 4.

6. No charge will be made in accordance with this scale unless the consumption in question is at least 10 per cent of that charged for under Scale 2, and the consumer shall be liable to a minimum charge under this scale accordingly.

*Reëls vir Skale Nos. 2 (B) en 2 (C).*

Onderstaande reëls geld by die berekening van die bedrag wat ooreenkomstig Deel A of B van Skaal 2 betaal moet word:—

1. Die Raad kan, indien dit uit 'n toets van 'n verbruiker se installasie deur die Raad blyk dat sy Kw.-aanvraag laer as 90 persent van sy Kva-aanvraag is, die verbruiker skriftelik in kennis stel dat hy binne 6 maande sy arbeidsfaktor tot by bogenoemde peil moet verbeter. Indien die verbruiker dit nie doen nie, sal die Kw.-aanvraagmeters deur Kva-aanvraagmeters vervang word, en die rekening volgens bostaande skaal per Kva in plaas van per Kw. bereken word.

2. (a) Daar word aan 'n verbruiker in wie se geval die verhouding tussen die eenheidsverbruik en die maksimum Kw.-dagaanvraag groot is, 'n korting op die aanvraagtarief toegestaan.

(b) Die korting waarvan daar in reël 2 (c) melding gemaak word, wissel van 10 persent ten opsigte van 'n berekende benuttingsfaktor wat 40 persent oorskry, tot 100 persent ten opsigte van 'n berekende benuttingsfaktor wat 85 persent oorskry, en word as volg bereken:—

Korting op aanvraagtarief =  $2(B-40)$  persent, waar B die maandelikse benuttingsfaktor is, uitgedruk tot die naaste veelvoud van 5 persent bo die berekende benuttingsfaktor wat as volg bereken word:—

$$\frac{\text{Getal eenhede per meteraflesingmaand verbruik [Skale 2 (B) of 2 (C) plus 3]} \times 100 \text{ persent.}}{\text{Maks. Kw.- of Kva.-aanvraag} \times \text{getal uur per meteraflesingmaand.}}$$

3. Hierdie korting word slegs toegestaan aan 'n verbruiker wie se totale maandelikse rekening ten opsigte van die verbruik gedurende die betrokke maand 'n bedrag wat die Raad bepaal en wat met tussenpose van minstens een jaar hersien word, oorskry.

*Skaal 3.*

Hierdie skaal geld vir lewering van elektrisiteit buite die spitsure (dit wil sê van 7 nm. af tot 7 vm.):—

- (a) Leweringsgeld per spesiale tweetariefmeteraansluitpunt: £1 per maand;
- (b) vir iedere eenheid wat verbruik word: 0.35d. per eenheid.

*Reëls vir Skaal 3.*

Onderstaande reëls geld wanneer elektrisiteit ooreenkomstig Skaal 3 gelever word:—

1. 'n Verbruiker se aanvraagmeter word uitgeskakel gedurende die tydperk waarin elektrisiteit ooreenkomstig dié Skaal gelever word.

2. Indien 'n verbruiker wil hê dat die Raad elektrisiteit ooreenkomstig dié Skaal aan hom moet lewer, moet hy skriftelik daarom aansoek doen.

3. Meters vir lewering ooreenkomstig dié skaal word vir 'n tydperk van minstens 18 maande aangebring.

4. Die hoeveelheid elektrisiteit wat ooreenkomstig dié skaal gelever word, hang af van die orige elektrisiteit in die bestaande hoofleidings, en die verbruiker moet hom enige beperking wat die Raad ten opsigte van sy aanvraag en die aard van sy belastingnoodsaaklik ag, laat welgeval.

5. Die Raad aanvaar geen aanspreeklikheid jeens 'n verbruiker vir die gevolge van enige beperking wat hy kragtens reël 4 mag opleë nie.

6. Geen elektrisiteit word ooreenkomstig dié skaal gelever nie tensy die verbruik minstens gelyk is aan 10 persent van dié waarvoor daar ooreenkomstig Skaal 2 betaal word, en die verbruiker word dienooreenkomstig met die minimum-bedrag volgens dié skaal aangestaan.

7. For rebate purposes a consumer's aggregate monthly account will be the total of Scale No. 2 (B) or 2 (C) and Scale No. 3 accounts.

8. Charge in accordance with this scale is not applicable to consumers charged in accordance with Scale 1.

**GENERAL RULES APPLICABLE TO THE SUPPLY OF ELECTRICITY IN ACCORDANCE WITH ALL SCALES.**

*High Voltage Supply.*

1. Where the demand on the premises exceeds 40 kVA, the Council may require a consumer to take supply from the high-voltage mains, which shall in the ordinary course be transformed to 380/220 volts.

*High Voltage Metering.*

2. (1) Where electricity is metered at high voltage to suit the Council's convenience in giving a low voltage supply it shall be subject to a 2 per cent rebate.

(2) No rebate as referred to in sub-section (1) of this section shall be granted to consumers who lead the Council's high voltage electricity away from the point of supply to suit their own convenience.

*Stand-by Supplies.*

3. When any consumer, having a source of power on his premises separate from the Council's main supply uses the Council's supply to supplement his separate supply when he requires, he shall pay monthly a sum representing not less than 20 per cent of the total cost to him of all energy from any source used by him in that month.

*Meter Reading.*

4. (1) Consumers' meters are read, as nearly as is reasonably possible, at intervals of one month.

(2) If a consumer desires his meter to be read by the Council at any time other than the date set aside by it for that purpose, a charge of 5s. are payable for that reading.

*Charges for Reconnection.*

5. When premises have been disconnected from the Council's main in terms of sub-section (1) of section 16 for non-compliance with any of the Department's regulations, including non-payment of an account or at the customer's request, a charge of 10s. shall be made for each attendance made by the Council's servants at the premises in respect of the reconnection.

*Electricity Supplied Outside the Municipality.*

6. (1) When electrical energy is supplied to consumers outside the municipality it shall be charged for at the Council's scale rates plus 25 per cent where the supply is taken direct from the Council's mains and at the said rates plus 15 per cent where the energy is metered at the municipal boundary and not reticulated beyond it by the Council.

(2) For the purposes of this section all Native villages, locations or Native hostels proclaimed under the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, for the accommodation of Natives employed in Johannesburg and administered by the Council or the Natives Resettlement Board will be regarded as being within the municipality.

*Complaints.*

7. Where a servant of the Council is called to a consumer's premises to attend to a complaint of failure of light or power, no charge will be made if the Council's equipment is found to be faulty, but if the defect has been caused by a fault in the consumer's equipment or by any other equipment which the Council is under no liability to maintain, a penalty charge of 15s. will be levied for each such attendance by the Council's servant.

7. Die verbruiker se totale maandelikse rekening word vir kortingsdoeleindes saamgestel uit die bedrae op sy rekening volgens Skaal 2 (B) of 2 (C) en Skaal 3.

8. Hierdie skaal is nie bedoel vir verbruikers wat ooreenkomstig Skaal 1 vir elektrisiteit betaal nie.

**ALGEMENE REËLS WAT OP DIE LEWERING VAN ELEKTRISITEIT OOREENKOMSTIG AL DIE SKALE VAN TOEPASSING IS.**

*Hoogspanningselektrisiteit.*

1. Indien die aanvraag ten opsigte van 'n perseel 40 Kva oorskry, kan die Raad die verbruiker aansê om sy elektrisiteit van die hoogspanningshoofleiding af te verkry, wat dan gewoonweg tot 380/220 volt getransformeer moet word.

*Afmeting van hoogspanningstroom.*

2. (1) Indien die Raad laagspanningstroom lewer, maar gerieflikheidshalwe die hoogspanningstroom meet, word 'n korting van 2 persent toegestaan.

(2) Die korting ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel word nie toegestaan aan verbruikers wat gerieflikheidshalwe die hoogspanningstroom van die leweringspunt af weglei nie.

*Reserwe-elektrisiteit.*

3. Indien 'n verbruiker, wat op sy perseel 'n ander kragbron as die Raad se toevoer-hoofleiding het en wat die Raad se elektrisiteit ter aanvulling van sy afsonderlike bron gebruik wanneer hy dit nodig het, moet hy maandeliks 'n bedrag betaal gelyk aan minstens 20 persent van die totale bedrag wat al die elektrisiteit wat hy gedurende die maand uit alle bronne gebruik het, hom kos.

*Meteraflesing.*

4. (1) Die meters van verbruikers word so na as wat redelikerwys moontlik is, met tussenpose van een maand afgelees.

(2) Indien 'n verbruiker wil hê dat die Raad sy meter op 'n ander datum as die vasgestelde datum moet aflees, moet hy 5s. ten opsigte van so 'n aflesing betaal.

*Tarief vir heraansluiting.*

5. Wanneer die lewering van elektrisiteit aan 'n perseel ingevolge die bepaling van subartikel (1) van artikel 16 weens wanbetaling of 'n ander oortreding van 'n regulasie van die afdeling, of op versoek van die verbruiker, gestaak moet word, moet die verbruiker iedere keer dat die Raad se dienaars die perseel in verband met die heraansluiting besoek, 10s. betaal.

*Lewering van elektrisiteit aan verbruikers buite die Munisipaliteit.*

6. (1) Indien die Raad elektrisiteit van verbruikers buitekant die munisipaliteit lewer, geskied dit ooreenkomstig die toepaslike skaal, plus 25 persent, as dit regstreeks van die Raad se hoofleidings af verkry word, en ooreenkomstig die toepaslike skaal, plus 15 persent, indien dit by meterpunte op die munisipale grens gelewer word en die Raad nie verspreidingsnette oorkant die grens aanbring nie.

(2) Vir die toepassing van hierdie artikel word daar geag dat alle Naturelledorpe, -lokasies of -tehuise wat ingevolge die bepaling van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, vir die huisvesting van Naturelle wat Johannesburg werk, geproklameer is, en wat deur die Raad of deur die Raad vir die Hervestiging van Naturelle geadministreer word, binne die munisipaliteit val.

*Klagte.*

7. Indien 'n dienaar van die Raad 'n verbruiker se perseel na aanleiding van 'n klag dat daar geen lig of krag is nie, moet besoek en dit blyk dat die Raad se uitrusting defek is, word daar geen bedrag vir die besoek gevorder nie, maar as daar bevind word dat die defek veroorsaak is deur die verbruiker se uitrusting of deur enige ander uitrusting wat die Raad nie verplig is om te onderhou nie, word daar 'n bedrag van 15s. ten opsigte van elke sodanige besoek van die Raad se dienaar gevorder.

*Testing of Meters.*

8. If a consumer so requests, any meter through which he is supplied with electrical energy shall be tested at the Council's works on the consumer's paying a fee of £1 for each test of a meter, which fee will be refunded if the meter is found to have been registering inaccurately by more than 5 per cent and the consumer's account shall be adjusted in respect of the inaccuracy so found as from the beginning of the month in which the accuracy was first disputed by him.

*Testing of Installations.*

9. (1) On receipt of notice that an electrical installation is ready for test, the Council will make one test free of charge.

(2) If the work proves not to be ready for testing, or if it fails to pass the test, a fee of £2 must be paid before a further test will be made.

*Deposit.*

10. (1) Except in the case of premises in any Native village or location on land belonging to the Council the minimum deposit to be paid by a consumer in terms of the first paragraph of section 15 shall be £2.

(2) No deposit shall be refunded in terms of the second paragraph of the said section 15 unless the original receipt for the amount deposited is surrendered: Provided that if the receipt has been lost or can for any other reason not be produced the amount of the deposit shall be refunded on production of an indemnity by the person receiving the refund indemnifying the Council against any loss which it may sustain in connection with its making of the refund.

*Disputes.*

11. A dispute between a consumer and the Council as to any charge to be paid by the former shall be referred to the Utilities Committee of the City Council whose decision is final and binding on all parties.

*Interpretation.*

12. The expression 'per month' in this Schedule means 'per month or part thereof'.

*Charge for System Installed by Council.*

13. Where the Council at its own cost wires and connects to a main supply a private house built on land owned by the Council and provision for such cost has not been made in any rentals payable to the Council for such land or house or by any other means whatever, a charge of 6d. per month for every £5 of such cost shall be made additional to the tariff charges for electricity consumed.

For the purpose of this section 'private house' includes any dwelling occupied under the authority of either a residential permit or a site permit issued in terms of the Council's Native Village Regulations or Location Regulations."

Administrator's Notice No. 375.]

[17 June 1959.

ROAD ADJUSTMENT ON THE FARM ROODEWAL No. 364, REGISTRATION DIVISION I.O., DISTRICT OF DELAREYVILLE.

In view of an application having been made by Mr. A. J. Hattingh for the deviation of an unnumbered public road on the farm Roodewal No. 364, Registration Division I.O., District of Delareyville, it is the Administrator's intention to take action in terms of section *twenty-eight* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge his objections in writing with the Regional Officer, Transvaal Roads Department, Private Bag 928, Potchefstroom, within 30 days of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

*Toets van meters.*

8. Indien 'n verbruiker dit versoek, moet enige meter waardeur elektrisiteit aan hom gelewer word, in die werkplaas van die Raad getoets word, mits die verbruiker 'n bedrag van £1 per toets betaal, en as daar bevind word dat die meter meer as 5 persent te veel of te min registreer, moet dié bedrag terugbetaal word, en moet die verbruiker se rekening met ingang van die maand waarin hy die juistheid daarvan vir die eerste keer betwis het, ooreenkomstig die bevinding gewysig word.

*Toets van installasies.*

9. (1) Sodra die Raad in kennis word dat 'n elektriese installasie gereed is om getoets te word, sal hy dit een keer gratis toets.

(2) Indien die installasie nie gereed was om getoets te word nie, of indien dit ongeskik bevind word, moet daar 'n bedrag van £2 betaal word voordat dit weer getoets word.

*Stortingsbedrag.*

10. (1) Die minimum stortingsbedrag wat 'n verbruiker, uitgesonderd in die geval van 'n perseel in 'n Naturelledorp of -lokasie op grond wat aan die Raad behoort, ingevolge die eerste paragraaf van artikel 15 moet betaal, is £2.

(2) Geen stortingsbedrag word ingevolge die tweede paragraaf van genoemde artikel 15 terugbetaal nie, tensy die oorspronklike kwitansie vir die stortingsbedrag terugbesorg word: Met dien verstande dat, indien so 'n kwitansie soek geraak het, of om 'n ander rede nie getoon kan word nie, die stortingsbedrag terugbetaal word, mits die persoon aan wie die stortingsbedrag terugbetaal word, 'n vrywaring toon waarby hy die Raad vrywaar teen enige verlies wat hy ten gevolge van dié terugbetaling kan ly.

*Geskille.*

11. 'n Geskil tussen 'n verbruiker en die Raad oor 'n rekening wat deur eersgenoemde betaal moet word moet aan die Utiliteitskomitee van die Stadsraad voorgelê word, by wie die eindbeslissing daarvoor berus en sy beslissing bind al die betrokkenes.

*Vertolking.*

12. 'Per maand' in hierdie bylae beteken 'per maand of 'n gedeelte daarvan'.

*Bedrae wat gevorder word in verband met installasies wat die Raad aanbring.*

13. Indien die Raad op eie koste 'n private woonhuis op grond wat aan hom behoort, bedraad en dit by die toevoerhoofleiding aansluit, en dié koste nie ingereken is by die huurgeld wat ten opsigte van dié grond of dié huis aan die Raad betaalbaar is of op enige ander wyse wat ook al nie, moet daar 'n bedrag van 6d. per maand vir elke £5 van dié koste, benewens die tariefgelde vir die elektrisiteit wat verbruik word, betaal word.

Vir die toepassing van hierdie artikel omvat 'private huis' enige woning wat bewoon word kragtens 'n woning-permit of 'n standplaaspermit wat ingevolge die Raad se Naturelledorp- of Naturellokasie-regulasies uitgereik is."

Administrateurskennisgewing No. 375.]

[17 Junie 1959.

PADREËLINGS OP DIE PLAAS ROODEWAL No. 364, REGISTRASIE AFDELING I.O., DISTRIK DELAREYVILLE.

Met die oog op 'n aansoek ontvang van mnr. A. J. Hattingh vir die verlegging van 'n ongenommerde openbare pad op die plaas Roodewal No. 364, Registrasie Afdeling I.O., distrik Delareyville, is die Administrateur voornemens om, ooreenkomstig artikel *agt-en-twintig* van die Pad-Ordonnansie 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), op te tree.

Alle belanghebbende persone is bevoegd om binne 30 dae vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streeksbeampte, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatsak 928, Potchefstroom, skriftelik in te dien.

In terms of sub-section (3) of section *twenty-nine* of the said Ordinance, it is notified for general information that if any objection to the said application is taken, but is thereafter dismissed the objector may be held liable for the amount of £5 in respect of the costs of a commission appointed in terms of section *thirty*, as result of such objections.

D.P. 07-075D-23/24/R.7.


Administrator's Notice No. 376.]

[17 June 1959.

**DEMARICATION OF OUTSPAN SERVITUDE ON THE FARM PALMIETFONTEIN No. 374.—REGISTRATION DIVISION I.P.—DISTRICT OF KLERKSDORP.**

With reference to Administrator's Notice No. 220 of the 20th March, 1957, it is hereby notified for general information that the Administrator is pleased, under the provisions of paragraph (iv) of sub-section (1) and paragraph (i) of sub-section (7) of section *fifty-six* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), to approve that the two servitudes in respect of the undefined or general outspan, together in extent 1/75th of 3,955 morgen 120 square roods, to which the remaining extent of Portion D of the farm Palmietfontein No. 374, Registrations Division I.P., District of Klerksdorp, is subject, be demarcated in the position and in extent 5·0000 morgen, as indicated on the subjoined sketchplan.

DP. 07-073—37/3/P.5.



DP 07-073-37/3/P5

VERWYSING

REFERENCE

AFGEBAKENDE  
UITSPANNING



DEMARCATIED  
OUTSPAN

Administrator's Notice No. 377.]

[17 June 1959.

**NIGEL MUNICIPALITY.—APPOINTMENT OF PRESIDENT OF THE VALUATION COURT.**

The Administrator has been pleased, under the provisions of section *thirteen* (2) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, to appoint Mr. S. H. Elliott as President of the Valuation Court of the Town Council of Nigel for a period of three years as from the 1st June, 1959.

T.A.L.G. 8/5/23.

Administrator's Notice No. 378.]

[17 June 1959.

**MUNICIPAL ELECTIONS ORDINANCE, 1927, AS AMENDED.**

The Administrator has in terms of section *twelve* (1) (b) of the Municipal Elections Ordinance, 1927, appointed the following Commissions for the purpose of fixing the

Ooreenkomstig subartikel (3) van artikel *nege-entwintig* van genoemde Ordonnansie word dit vir algemene inligting bekendgemaak dat indien enige beswaar gemaak word, maar daarna van die hand gewys word, die beswaarmaker aanspreeklik gehou kan word vir die bedrag van £5 ten opsigte van die koste van 'n kommissie wat aangesel word ooreenkomstig artikel *dertig*, as gevolg van sulke besware.

D.P. 07-075D-23/24/R.7.

Administrateurskennisgewing No. 376.]

[17 Junie 1959.

**AFMERKING VAN UITSPANSERWITUUT OP DIE PLAAS PALMIETFONTEIN No. 374—REGISTRASIEAFDELING I.P.—DISTRIK KLERKSDORP.**

Met betrekking tot Administrateurskennisgewing No. 220 van 20 Maart 1957, word dit hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Administrateur behaag om, ooreenkomstig paragraaf (iv) van subartikel (1) en paragraaf (i) van subartikel (7) van artikel *ses-en-vyftig* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), goedkeuring te verleen dat die twee serwitute ten opsigte van die onbepaalde of algemene uitspanning, tesame groot 1/75ste van 3,955 morges 120 vierkante roede, waaraan die resterende gedeelte van Gedeelte D van die plaas Palmietfontein No. 374, Registrasieafdeling I.P., distrik Klerksdorp, onderworpe is, afgemerk word in die ligging en grootte 5·0000 morges, soos aangetoon op bygaande sketsplan.

DP. 07-073-37/3/P.5.

Administrateurskennisgewing No. 377.]

[17 Junie 1959.

**MUNISIPALITEIT NIGEL.—AANSTELLING VAN PRESIDENT VAN WAARDERINGSHOF.**

Dit het die Administrateur behaag om, ingevolge die bepalings van artikel *dertien* (2) van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933, mnr. S. H. Elliott tot President van die Waarderingshof van die Stadsraad van Nigel te benoem, vir 'n tydperk van drie jaar van 1 Junie 1959 af.

T.A.L.G. 8/5/23.

Administrateurskennisgewing No. 378.]

[17 Junie 1959.

**MUNISIPALE VERKIESINGS ORDONNANSIE, 1927, SOOS GEWYSIG.**

Die Administrateur het ingevolge artikel *twaalf* (1) (b) van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie, 1927, die onderstaande Kommissies benoem vir die doel om die

boundaries of the wards of the municipalities set out hereunder:—

<i>Municipalities.</i>	<i>Members.</i>
Nylstroom.	Mr. C. D. Spamer, Magistrate, Nylstroom (Chairman). Adv. Dr. P. J. Rabie. Mr. C. J. K. Basson.
Orkney.	Mr. C. G. Morris, Magistrate Klerksdorp (Chairman). Mr. J. H. Lotz. Mr. F. M. Redelinghuys.

Administrator's Notice No. 379.] [17 June 1959.  
**FISHERIES REGULATIONS AMENDMENT.**

The Administrator, in terms of the provisions of section five of the Fisheries Consolidation Ordinance, 1949 (Ordinance No. 26 of 1949), hereby amends the Fisheries Regulations, published under Administrator's Notice No. 700, dated the 20th September, 1950, as amended, as follows:—

By the insertion in sub-regulation (1) of regulation 9 of Chapter III (Fisheries Regulations) of the words "or to the Southern Transvaal Angling and Casting Union" after the words "Transvaal Anglers' Union".

FF 4/34 and FF 107/60.

Administrator's Notice No. 380.] [17 June 1959.  
**PROPOSED REDUCTION OF OUTSPAN SERVITUDE.—WITBANK No. 61, DISTRICT OF WITBANK.**

In view of application having been made on behalf of Witbank Colliery, Ltd., for the reduction of the servitude of outspan, in extent 1/75th of 2,389 morgen 347 square roods, to which the remaining extent of the farm Witbank No. 61, District of Witbank, is subject, it is the Administrator's intention to take action in terms of paragraph (iv) of sub-section (1) of section fifty-six of the Roads Ordinance, 1957 (No. 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge his objections in writing with the Regional Officer, Transvaal Roads Department, Private Bag, Lynn East, Pretoria, within three months of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

D.P. 01-015W-37/3/W.7.

**MISCELLANEOUS.**

NOTICE No. 75 OF 1959.

**SAKHROL (ASIATIC) TOWNSHIP.—PROPOSED ESTABLISHMENT OF.**

It is hereby notified for general information, in terms of section eleven of the Townships and Town-planning Ordinance, No. 11 of 1931, that application has been made by Klerksdorp Town Council for permission to layout a Asiatic township on the farm Klerksdorp Townlands No. 424, District Klerksdorp, to be known as Sakhrol.

The proposed township is situate approximately 6 miles west of Klerksdorp, west of and abutting on the Klerksdorp, Ottosdal Railway Line and north of Klerksdorp Coloured Township.

grense van die wyke van die volgende munisipaliteite te bepaal:—

<i>Munisipaliteite.</i>	<i>Lede.</i>
Nylstroom.	Mnr. C. D. Spamer, Landdros, Nylstroom (Voorsitter). Adv. dr. P. J. Rabie. Mnr. C. J. K. Basson.
Orkney.	Mnr. C. G. Morris, Landdros, Klerksdorp (Voorsitter). Mnr. J. H. Lotz. Mnr. F. M. Redelinghuys.

Administrateurskennisgewing No. 379.] [17 Junie 1959.  
**WYSIGING VAN VISSERYEREGULASIES.**

Die Visseryeregulasies, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 700 van 20 September 1950, soos gewysig, word hierby verder ingevolge die bepalings van artikel vyf van die Samevattende Ordonnansie op Visserye, 1949 (Ordonnansie No. 26 van 1949), deur die Administrateur as volg gewysig:—

Deur in subregulasie (1) van regulasie 9 van Hoofstuk III (Visseryeregulasies) die woorde „of die Suid-Transvaalse Hengel- en Vergooibond" na die woorde „Transvaalse Hengelaarsunie" in te voeg.

FF 4/34 en FF 107/60.

Administrateurskennisgewing No. 380.] [17 Junie 1959.  
**VOORGESTELDE VERMINDERING VAN UITSPANSERWITUUT.—WITBANK No. 61, DISTRIK WITBANK.**

Met die oog op 'n aansoek ontvang namens Witbank Colliery, Bpk., om die vermindering van die serwituuw van uitspanning, 1/75ste van 2,389 morges 347 vierkante roede groot, waaraan die resterende gedeelte van die plaas Witbank No. 61, distrik Witbank, onderworpe is, is die Administrateur voornemens om ooreenkomstig paragraaf (iv) van subartikel (1) van artikel ses-en-vyftig van die Padordonnansie, 1957 (No. 22 van 1957), op te tree.

Alle belanghebbende persone is bevoegd om binne drie maande vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streeksbeampte, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatsak, Lynn East, Pretoria, skriftelik in te dien.

D.P. 01-015W-37/3/W.7.

**DIVERSE.**

KENNISGEWING No. 75 VAN 1959.

**VOORGESTELDE STIGTING VAN DIE ASIATÉ DORP SAKHROL.**

Ingevolge artikel elf van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, No. 11 van 1931; word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat Klerksdorp Stadsraad aansoek gedoen het om 'n Asiatic dorp te stig op die plaas Klerksdorp Dorpsgronde No. 424, distrik Klerksdorp, wat bekend sal wees as Sakhrol.

Die voorgestelde dorp lê ongeveer 6 myl wes van Klerksdorp, wes van en grensende aan die Klerksdorp-Ottosdal Spoorlyn en noord van Klerksdorp Kleurlingdorp.

The application, together with the relative plans, documents and information, is open for inspection at the office of the Secretary Townships Board, Room 104, Maritime House, Pretorius Street, Pretoria, for a period of two months from the date hereof.

In terms of section *eleven* (4) of the said Ordinance any person who objects to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter shall communicate with the Secretary of the Board within a period of two months from the date hereof.

In terms of section *eleven* (6) of the Ordinance any person who objects to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter may communicate in writing with the Secretary of the Board or may give evidence in person before the Board on the date and at the place of inspection or on such other date and at such place as the Board may appoint; provided that such written communication shall be in the hands of the Secretary of the Board not later than one month from the date hereof.

All objections must be lodged in duplicate, and addressed to the Secretary, Townships Board, P.O. Box 892, Pretoria.

D. P. LOTZ,  
Secretary, Townships Board.

Pretoria, 17th June, 1959.

NOTICE No. 76 OF 1959.

ATHOLL EXTENSION No. 12 TOWNSHIP.—  
PROPOSED ESTABLISHMENT OF.

It is hereby notified, in terms of section *eleven* of the Townships and Town-planning Ordinance, No. 11 of 1931, that application has been made by Hillman Bros., Ltd., and W. L. C. H. van Tienhoven for permission to lay out a township on the farm Zandfontein No. 42, District Johannesburg, to be known as Atholl Extension No. 12.

The proposed township is situate south of and abuts Simba Township.

The application, together with the relative plans, documents and information, is open for inspection at the office of the Secretary of the Townships Board, Room 104, Maritime House, Pretorius Street, Pretoria, for a period of two months from the date hereof.

In terms of section *eleven* (4) of the said Ordinance any person who objects to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter shall communicate with the Secretary of the Board within a period of two months from the date hereof.

In terms of section *eleven* (6) of the Ordinance any person who objects to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter may communicate in writing with the Secretary of the Board or may give evidence in person before the Board on the date and at the place of inspection or on such other date and at such place as the Board may appoint; provided that such written communication shall be in the hands of the Secretary of the Board not later than one month from the date hereof.

All objections must be lodged in duplicate, and addressed to the Secretary, Townships Board, P.O. Box 892, Pretoria.

D. P. LOTZ,  
Secretary, Townships Board.

Pretoria, 17th June, 1959.

Die aansoek tesame met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae op die kantoor van die Sekretaris van die Dorperaad, Kamer No. 104, Maritimehuis, Pretoriusstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van twee maande na datum hiervan.

Ingevolge artikel *elf* (4) van genoemde Ordonnansie moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoek of wat verlang om in die saak gehoor te word of vertoë in verband daarmee wil indien, binne twee maande na die datum hiervan met die Sekretaris van die Raad in verbinding tree.

Ingevolge artikel *elf* (6) van die Ordonnansie kan iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van 'n aansoek of wat verlang om in die saak gehoor te word of vertoë in verband daarmee wil indien, skriftelik met die Sekretaris van die Raad in verbinding tree of persoonlik getuienis voor die Raad aflê op die datum en plek van inspeksie, of op sodanige ander datum en plek as wat die Raad mag bepaal; met dien verstande dat hierdie skrywe die Sekretaris van die Raad nie later as een maand na die datum hiervan moet bereik nie.

Alle besware moet in duplo ingedien word, en gerig word aan die Sekretaris Dorperaad, Posbus 892, Pretoria.

D. P. LOTZ,  
Sekretaris, Dorperaad.

Pretoria, 17 Junie 1959.

17-24-1

KENNISGEWING No. 76 VAN 1959.

VOORGESTELDE STIGTING VAN DIE DORP  
ATHOLL UITBREIDING No. 12.

Ingevolge artikel *elf* van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, No. 11 van 1931, word hierby bekendgemaak dat Hillman Bros., Ltd., en W. L. C. H. van Tienhoven aansoek gedoen het om 'n dorp te stig op die plaas Zandfontein No. 42, distrik Johannesburg, wat bekend sal wes as Atholl Uitbreiding No. 12.

Die voorgestelde dorp lê suid van en grens aan die dorp Simba.

Die aansoek met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae op die kantoor van die Sekretaris van die Dorperaad, Kamer No. 104, Maritimehuis, Pretoriusstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van twee maande na datum hiervan.

Ingevolge artikel *elf* (4) van genoemde Ordonnansie moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoek of wat verlang om in die saak gehoor te word of vertoë in verband daarmee wil indien, binne twee maande na die datum hiervan met die Sekretaris van die Raad in verbinding tree.

Ingevolge artikel *elf* (6) van die Ordonnansie kan iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van 'n aansoek of wat verlang om in die saak gehoor te word of vertoë in verband daarmee wil indien, skriftelik met die Sekretaris van die Raad in verbinding tree of persoonlik getuienis voor die Raad aflê op die datum en plek van inspeksie, of op sodanige ander datum en plek as wat die Raad bepaal; met dien verstande dat hierdie skrywe die Sekretaris van die Raad nie later as een maand na die datum hiervan moet bereik nie.

Alle besware moet in duplo ingedien word, en gerig word aan die Sekretaris Dorperaad, Posbus 892, Pretoria.

D. P. LOTZ,  
Sekretaris, Dorperaad.

Pretoria, 17 Junie 1959.

17-24-1

TENDERS.

TENDERS.

All Tenders published for the first time, are indicated by a \* in the left-hand upper corner.

Alle Tenders wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbohoek met 'n \* gemerk.

NOTICE TO CONTRACTORS.

Tenders are hereby invited for the following services in the Transvaal Province, namely:—

(1) Service and District.	(2) Documents Available for Issue to Contractors.	(3) Available Documents are obtainable from and Returnable to.	(4) Date on which Documents are Available.	(5) Conditions of Contract and Available Documents may be Inspected at the following Offices.	(6) Tenders due at or before 11 a.m.
Natalspruit Non-European Hospital: Electrical installation	Tender forms, drawings and specifications	Room 515, Fifth Floor, Poynton's Building, Church Street West (Phone 3-4081, Ext. 115), Pretoria	1959. 3rd June	Room 515, Fifth Floor, Poynton's Building, Church Street West, Pretoria	1959. 10th July.
Piet Potgieter High School: Pietersburg: Electrical installation	Tender forms, drawings and specifications	Room 515, Fifth Floor, Poynton's Building, Church Street West (Phone 3-4081, Ext. 115), Pretoria	3rd June	Room 515, Fifth Floor, Poynton's Building, Church Street West, Pretoria	26th June.
Johannesburg Normal College: Construction of road, fencing and the laying of crazy paving, etc.	Tender forms, drawings and specifications	Room 515, Fifth Floor, Poynton's Building, Church Street West (Phone 3-4081, Ext. 115), Pretoria	3rd June	Room 515, Fifth Floor, Poynton's Building, Church Street West, Pretoria	26th June.
